Hartleyweg Laerskool

Leesbegrip-Comprehension

Graad vier

Les Twee

Lees die storie en beantwoord die vrae wat volg

WAAROM MAPULA NIE SKOOL TOE GEKOM HET NIE



Begin van die storie

Mapula het nie vandag skool toe gekom nie. Daar was 'n groot brand by haar huis. Mapula se gesin gebruik paraffien by die huis om te kook. Hulle het 'n **rooi** paraffienstoof. Mapula het 'n **jong** boetie, Thami, wat nooit vir enigiemand luister nie. Gisteraand het Thami met die stoof gespeel, al het hy geweet hy mag dit nie doen nie. Hy het ook vuurhoutjies wat iemand laat rondlê het, in die hande gekry.

Die seuntjie het die stoof aangesteek en toe, in sy opgewondenheid, die stoof op die mat omgestamp. Sommer gou was die **klein** vertrek aan die brand.

Middel van die storie

Gelukkig vir Thami het Mapula die **klein** seuntjie uit die huis uit gedra. Sy het die **gawe** bure gevra om die brandweer te bel. Hulle het gou opgedaag en hul **lang** brandslange gebruik om die brand te blus. Die hele huis was vinnig vol water en rook.

Die brand is gelukkig geblus voordat Mapula se **kwaal** ouers by die huis gekom het. Alles in die vertrek het stukkend gebrand en Mapula was baie hartseer omdat haar **mooiste** pop en haar **pragtige** werkboeke ook verbrand het.

Einde van die storie

Mapula het vandag haar ma gehelp om hulle huis skoon te maak. Sy het al die **nat** komberse en gordyne in die son gehang om droog te word. Thami is intussen kleuterskool toe gestuur sodat hy uit die moeilikheid kan bly. Mapula sal môre weer terug skool toe gaan. Haar ma sal vir haar 'n **nuwe** skooltas koop.

1. Wat is die naam van die meisie in die storie?

_____ (1)

2. Wat is die meisie se boetie se naam?

_____ (1)

3. Hoekom het die meisie nie skool toe gegaan nie?

_____ (1)

4. Wat gebruik die gesin om hulle kos te kook?

_____ (1)

5. Wie het vir die brandweer gebel?

_____ (1)

6. Wat het die brandweer gebruik om die brand te blus?

_____ (1)

7. Wat het gebeur (happened) met die huis nadat (after) die brand geblus was ?

_____

_____ (2)

8. Sê of die volgende sinne WAAR of ONWAAR is. Haal sinne uit die teks om jou antwoord te motiveer:

8.1 Thami is 'n goeie seun.

_____

_____ (2)

8.2 Mapula se ouers was woedend toe hulle by die huis gekom het.

_____

_____ (2)

8.3 Alles in die vertrek is was erg verbrand (badly burned).

_____

_____ (2)

9. Hoe het die klein vertrek begin brand. Vul die korrekte antwoorde in:

Thami het met die_____en_____gespeel. Hy het die stoof

_____en het die stoof op die_____omgestamp en die klein vertrek het begin brand. (4)

10. Wat sou jy doen as daar 'n brand in jou huis was? Onderstreep die korrek antwoord:

a) Jy sal al jou waardevolle (valuable) items neem.

b) Jy sal vir die brandweer bel.

c) Jy sal onder jou bed wegkruip (hide). (2)